Die uitkoms van dissipelskap
Matteus 28

Inleiding

- Ons het die afgelope paar weke vir mekaar gesê dat
  - 'n sleutel vir die omkeer van Trinitas
  - en vir elkeen van ons,
    - is die herontdekking van ons dissipelskap
  - dat ons nie oor onsself moet dink as Christene nie...
    - maar as dissipels.

- Dissipelskap beteken dat Jesus soos die mentor van 'n vakleerling
  - jou onder sy vlerk wil neem en jou touwys wil maak oor die lewe.
  - **Hy** is die een wat mense en kerke omdraai om weer te begin lewe soos dit bedoel is.

- In ons eerste gesprek het ons geleer wie dissipels mag wees:
  - Dat Jesus onwaarskynlike mense met onwaarskynlike agtergronde verwelkom.
    - Hy gaan na Galilea en kies vissermanne
    - Eerder as na Jerusalem om Priesters te kies
  - En dat daar 'n praktiese en teoretiese deel is.
    - Jy moet luister én lewe.

- Verlede week het ons ontdek dat dissipelskap iets kos.

    - Genade is dalk gratis, maar dissipelskap nie.
    - Om ‘ja’ te sê vir Jesus gaan jy moet kan ‘nee’ sê vir
        - kosbare verhoudinge,
        - jouself
        - en ook jou besittings.
    - Dis eers in daardie ‘nee-sê’ oomblik waar die groei gaan kom.
    - En jy kan net betaal wat dit kos,
        - as jy opgeweeg het en sien
        - hoe Jesus beter is as verhoudinge, jouself en besittings.

- So ons het gepraat oor
    - Wie dissipels mag wees,
    - Wat dit kos
    - en vandag praat ons oor waar dit jou bring.

- As jy Jesus as vakleerling [gaan] volg en [gaan] leer wat dit is om regtig te lewe,
    - waarby los dit jou?

- Wel, op dieselfde plek waar Jesus sy vakleerlinge gelos het.
    - Kom ons ontdek dit uit Matteus 28:1-20.

- Wat maak Jesus met sy vakleerlinge nadat Hy hulle drie jaar onder sy vlerk gehad het?

    - Hy stuur hulle terug Galilea toe.
    - Hy sê dat hulle ander mense ook sy vakleerlinge moet gaan maak...

- En dat hulle eie vakleerlingskap nog nie verby is nie.

Terug na jou wêreld

- Party Christene het hierdie idee dat as jy nou gevorder het as Christen
  - dit jou so raps belangriker maak as die res.
  - Jy hoef nou nie meer jou hande vuil te maak nie.

- Een van die dinge waarin hierdie idee uitkom is
  - in hoe Christelike leiers dikwels spesiale klere dra en spesiale name kry.
  - Of dit nou 'n wit das is of 'n titel
    - – jy is vêrder in die pad af as die res
    - en moet daarom anders hanteer word.
  - En as enige ander Christen nou ernstig raak
    - is die logiese pad dat hulle moet teologie gaan studeer – predikant word
    - of ten minste 'n ouderling word.
  - Dit is dalk waaraan jy kan dink as jy wonder
    - oor waar dit jou gaan bring
    - as jy Jesus werklik begin volg het en goed daarin vorder.

- Óf dalk het jy soveel onaangename dinge in jou lewe om jou
  - en dink jy dat as jy nou mooi vorder as Christen
  - jy uiteindelik kan uitstyg bo
    - jou ongeestelike man of vrou of ouers, jou insiglose broer of jou modepoppie suster.

- Jy gaan groei en hulle wys.
- Of ten minste al die ander sukkelende Christene vir wie jy net jou kop kan skud.

- Maar dis nie waar die elf vakleerlinge van Jesus eindig
  - aan wie Hy 3 jr. van sy aardse lewe intensief spandeer het nie.
  - As mens die boek Matteus mooi lees sien jy daar is heeltyd spanning tussen
    - die eenvoudige geestelike arm Galilea
    - en die geestelik hoogmoedige Jerusalem.

- Die engel by die graf, en oomblikke later Jesus self,
  - verskyn om net hierdie een boodskap oor te dra en seker te maak een ding gebeur:
  - Die vakleerlinge moet terug na ***Galilea*** waar alles begin het.

  - Soos ons in die eerste boodskap in die reeks ontdek het,
    - het Jesus self met goeie rede sy eie werk in Galilea begin
    - – die skemerland plek met 'n mengelmoes van eenvoudige mense in die donker (Matt. 4:12 ev.).

- So hier is die eerste uitkoms van jou Dissipelskap:
  - dit vat jou nie uit die wêreld en sy probleme uit nie,
  - dit vat jou eerder terug soontoe.

    - Om Jesus te volg is nie 'n manier om die chaos van die lewe te ontsnap nie...
    - dit gaan jou eerder dieper daarin vat.

- En dis eintlik logies want
    - jy is mos 'n vakleerling van Jesus om te leer maak soos Hy gemaak het...
        - Hy het in <u>jou</u> chaos ingekom om jou te help!

- Dissipelskap vat jou terug na jou wêreld.

In kontak met ander mense

- Die tweede uitkoms gaan oor wat jy dan bedoel is om daar te maak:
    - kontak met die mense daar.

- As jy 'n Christen is, is hierdie opdrag van Jesus dalk nie vir jou onbekend nie.
    - Maar as ons daarna luister met dissipelskap ore
    - is daar insigte wat jy dalk nog nie so raakgesien het nie.

- Luister mooi: Jou taak is nie om Christene te maak nie!
    - Jy is geroep om ander vakleerlinge te maak.
    - Om die verskil hiertussen te verstaan is enorm.

- As jy dink jou doel is om ander mense Christene te maak –
    - gaan jy dink dat jy een of ander boekie moet uitdeel.

- 'n Rympie hê waarmee jy die evangelie kan verduidelik sodat daardie persoon die goue besluit sal maak.

- Maar as jy verstaan dat jy die mense in jou lewe
    - ook Christene!
  - moet help om Jesus raak te sien en te begin dophou
  - soos 'n vakleerling met 'n mentor maak...
- is dit 'n heel ander storie.

- Daarvoor is
  - 'n verhouding met iemand nodig waarin jy hulle vrese en vreugdes ken.
  - Daarvoor is tyd nodig.
  - Gebed vir kanse wat sal opduik waarin jy daardie persoon kan help om Jesus raak te sien.
  - Dit gaan daaroor om
    - hulle aan te moedig as hulle in die regte rigting begin vrae vra en soek,
    - saam bly te wees as daar vordering is en
    - hulle uiteindelik te help om by ander volgelinge in te skakel.

- Opgesom is die tweede uitkoms van dissipelskap 101:
  - Jy gaan daarby kom om te help dat ander mense Jesus begin volg en leer wat dit is om regtig te lewe
  - en nie voort te ploeter in die seer van 'n Godlose lewe nie,

    - om deel te word van geloofsgemeenskap en om verder te leer.

- Een: Jy gaan terug na jou wêreld.
- Twee: Jy gaan ander help om ook Jesus te volg.

- En nou nommer drie... die een wat meeste mense miskyk

Bly een

- Heel op die einde sê Jesus vir die mense wat Hy terug na hulle lewens stuur:
  "*En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*"

- Gewone kursusse gaan verby en jy het nie meer die wysheid van die dosent naby nie.
- Gewone vakleerlinge verlaat uiteindelik hulle mentors en moet self regkom.
- Maar in wat Jesus hier sê word dit duidelik dat
    - Hy as mentor altyd naby bly
    - om my voortdurend as vakleerling te begelei.

- Uitkoms drie is basies dat my vakleerlingskap nooit klaarmaak nie.
    - Ek het altyd Jesus naby om deur sy Woord, sy Gees en sy ander vakleerlinge
    - my te begelei om
        - al hoe meer te lewe soos Hy dit bedoel het.
        - om ander te begelei

- Dis waarvoor Hy sy Gees gestuur het:
    - Om jou te herinner aan alles wat Jesus jou geleer het.
    - Om jou gedagtes te lei.
    - Om jou sensitief te maak vir wat om jou aangaan en om met liefde daarop te reageer.
    - Om jou deur jou gewete te waarsku as jy naby die donker kant begin loop.
    - Om jou insig te gee hoe om Jesus te volg... en ander te help om Jesus te volg.

- Op hierdie manier smee Hy al hoe meer die beeld van Jesus in jou
    - sodat mense verstom kan wees oor die wondere wat God met jou, sukkel mens, kan regkry.

- Dít is wat Jesus bedoel dat Hy altyd by ons bly...

Samevatting van die reeks

- Na die sondeval van Adam en Eva
    - het ons as mense nie meer die vermoë om
        - in verhouding met God
        - of die mense om ons te wees
        - soos dit bedoel is nie.

- Die gevolge hiervan is orals in die Huisgenoot en Beeld.
    - Dag na dag tot satwordens toe.
    - Ek en jy voel dit ook aan ons eie velle in ons eie huisgesinne en families en verhoudinge.

    - En ons is ewe skuldig daaraan.

- Jesus word as Seun van God gestuur
    - om as God self weer vir jou te leer
        - wat dit is om te lewe in 'n stukkende wêreld.
    - Hy het begin met 12 van ons.
    - Hy het vir die onreg van ons almal betaal met sy dood aan die kruis
    - en opgestaan om die 12 te verander in miljoene.

- Onwaarskynlike mense van onwaarskynlike plekke kan deelneem.
    - Jy gaan moet uitkom in die praktyk en luister na die teorie.
- As jy die prag van hierdie goeie nuus insien
    - gaan jy die verhoudinge, jouself en besittings kan opgee
    - wat dit kos om deur Jesus gevorm te word.
- En dit gaan jou weer netso terugvat
    - in jou lewe om ander ook vakleerlinge te maak van Jesus om te leer lewe,
    - Jy is nie alleen hierin nie en mag nog aanhoudend self leer.

- Die enigste werklike inhoud van Christenskap,
    - is dissipelskap.
- Dit is die manier waarop Jesus self gekies het om
    - jou lewe, Vanderbijlpark, Suid-Afrika, en die wêreld te verander...
        - een persoon op 'n slag.

- Waar kan jy nou begin?
    - Staan op en volg Hom.
- Begin net eers daar...

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
2 November 2014